



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

# basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V1**

**NOVEMBER 2011**

# MOONTLIKE ANTWOORDE

**PUNTE: 125**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.

3. Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwyder.

## NASIENROOSTER

| VRAAG | TOTALE PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | | | |
| 1 | 14 | | |
| 2 | 15 | | |
| 3 | 9 | | |
| 4 | 10 | | |
| 5 | 12 | | |
| | | | |
| **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| | | | |
| **AFDELING B** | | | |
| 6 | 5 | | |
| 7 | 9 | | |
| 8 | 6 | | |
| 9 | 12 | | |
| 10 | 10 | | |
| 11 | 10 | | |
| 12 | 5 | | |
| 13 | 8 | | |
| | | | |
| **SUBTOTAAL** | **65** | | |
| **GROOTTOTAAL** | **125** | | |

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE


Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

### VRAAG 1

1.1 In watter toonsoort is die musiekvoorbeeld hieronder?

**Hongaarse Dans Nr. 5**

Brahms



| **Antwoord:**<br>G mineur<br>*1 punt vir volledige antwoord (geen ½ punte)* |
|---|

(1)

1.2 Voeg skuiftekens by die volgende note om die doriese modus op A$^{\flat}$ te vorm.




**Antwoord:** *1 punt per noot (8 ÷ 4 = 2 )*
*Rond dit af na die naaste syfer, bv. 1.75 = 2 of 1.25 = 1.5*



(2)

1.3 Skryf B majeur toonleer op- en afgaande in die altsleutel in enkelvoudige drieslagmaat met toonsoortteken. Jy mag enige nootwaardes van jou keuse gebruik. Dui halftone met bogies aan.

**Moontlike antwoord:**




*Sleutel en toonsoortteken = 1 punt*
*Ritme = 1 punt*
*Tydmaatteken = 1 punt*
*Korrekte note = 1 punt*
*Halftone = 1 punt*
*(Halfpunte mag toegeken word)*

(5)

Kopiereg voorbehou

1.4 Identifiseer TWEE verminderde drieklanke en EEN vergrote drieklank wat in $E^{b}$ harmoniese mineur toonleer voorkom. Noteer die drieklanke in eerste omkering.

**Antwoord:** *1 punt vir identifikasie (note en skuiftekens) of besyfering x 3*
*1 punt vir korrekte omkering x 3 (geen ½ punte) op voorwaarde dat die identifikasie korrek was*




| Verminderd | Verminderd | Vergroot |
|---|---|---|
| $e^{b}$: ii°6 | $e^{b}$: vii°6 | $e^{b}$: III$^{+}$6 |
| $e^{b}$: ii$^{-}$6 | $e^{b}$: vii$^{-}$6 | $e^{b}$: III$^{+}$6 |
| $e^{b}$: ii°b | $e^{b}$: vii°b | $e^{b}$: III$^{+}$b |
| $F^{Dim}/A^{b}$ | $D^{Dim}/F$ | $G^{b\ Aug}/B^{b}$ |

*Met of sonder toonsoortteken vooraan is aanvaarbaar* (6)

**[14]**

Kopiereg voorbehou


## VRAAG 2

Bestudeer die fragment hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

# Six Chansons (1939)

Printemps (Spring)

Paul Hindemith




Kopiereg voorbehou

2.1 Transponeer die note van die altparty in maat 2 by (a) vir trompet in B♭.

**Antwoord:**



√ √ √ √ √ √

*Notasie = 6 ÷ 2 = 3*
*½ punt sal afgetrek word vir elke verkeerde toonhoogte of verkeerde groepering. Korrekte enharmoniese notasie sal aanvaar word.*
*Los groepering van die eerste drie note sal aanvaar word.* (3)

2.2 Herskryf maat 2 van die tenoorparty by (b) in enkelvoudige vierslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**





*Korrekte tydmaatteken = 1 punt*
*Ritme = ½ punt per polsslag = 2 punte*
*Hakies word nie vereis nie, slegs 3 wat aandui dat triool nodig is.*
*Los groepering van die eerste drie note sal aanvaar word.* (3)

2.3 Benoem die interval by (c).

**Antwoord:** Volmaakte 4de
*1 punt. Geen ½ punte.* (1)

2.4 Skryf die omkering van die interval by VRAAG 2.3 in enharmoniese vorm.


**Antwoord:** *1 punt per noot. Enige nootwaarde.*
*Korrekte omkering van die kandidaat se antwoord in 2.3 word aanvaar, mits dit 'n kwint is.*



(2)

2.5 Herskryf die vokale partye van maat 2 in geslote (digte) partituur. Laat die teks uit.


**Antwoord:** *1½ punte per polsslag = 6 punte*
*Bogies word nie vereis nie, behalwe vir die een wat die maatlyn kruis.*
*Los groepering sal in maat 2 aanvaar word.*




(6)
**[15]**


## VRAAG 3

Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg dan die instruksies.




3.1 Voltooi die sopraanparty in maat 1 by (a) sodat dit 'n beklemtoonde deurgangsnoot sal insluit.

**Antwoord:** ***<u>Hierdie twee punte sal aan al die kandidate toegeken word.</u>***




(2)

3.2 Voltooi die tenoorparty van die kadens in die blokkie by (f) om 'n terughouding te illustreer.

**Antwoord:** ***<u>Hierdie drie punte sal aan al die kandidate toegeken word.</u>***

(3)

3.3 Besyfer die akkoorde by (b), (c), (d) en (e), byvoorbeeld G: $I^6$ of G/B, ensovoorts.

**Antwoord:** *1 punt per akkoord. Enige besyferingsisteem is aanvaarbaar (geen ½ punte). Toonsoortaanduiding is opsioneel.*

(b) A: V7, $V7^d$, $V^4/_2$, $^4/_2$, $E^7$, $E^7$/D
(c) A: $I^6$, $I^b$, A/C#
(d) A: IV, D
(e) A: V ($V^7$), E($^7$) *(moet besyfer word nadat die terughouding bygevoeg is)*

(4)
**[9]**

## VRAAG 4

Gebruik enige EEN van die aanvangsmotiewe hieronder om 'n twaalf-maat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiese en artikulasietekens by.

Instrument: Tjello

**Andante**



Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrektheid van notasie: aantal mate, nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring | 4 | |
| TOTAAL | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

**OF**

Instrument: Klarinet




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrektheid van notasie: aantal mate, nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring | 4 | |
| **TOTAAL** | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

Kopiereg voorbehou


## VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg:




**Moontlike antwoord:**




Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Korrektheid | 6 | |
| Keuse van akkoorde | 6 | |
| TOTAAL | **12** | |

**[12]**

Kopiereg voorbehou

5.2 Bestudeer die 12-maat-blues-werk hieronder en volg dan die instruksies.

**OF**

# Back Porch Blues

Original music by Ana Sanderson



5.2.1 Voltooi die klavierpartituur tot by maat 10 in die gegewe styl (12-maat-blues).

**Antwoord:**
*Akkoorde moet die 12-maat-blues harmoniese struktuur volg.*
**I I I I IV IV I I V IV I I**
*Sien partituur vir idees.*

*1 punt per maat in die regterhandparty = 5 punte*
*1 punt per maat in die linkerhandparty = 4 punte*
*-1 punt in geheel indien styl verskil*
*Sien moontlike antwoord op die volgende bladsy.* (9)

5.2.2 Voeg die volgende akkoorde in by (a) en (b) deur die korrekte nootwaardes te gebruik:

(a) $A^7/C^\#$

(b) $E^7$ (2)

**Antwoord:**
*Sien moontlike antwoord op die volgende bladsy.*
*1 punt elk*
*-½ punt per fout* (2)

5.2.3 Besyfer die akkoord by (c), byvoorbeeld D/A.

**Antwoord:**
(a) $A^7$, $A^7/G$ **OF** $C^{\#verm}/G$
*-½ punt per fout*

(1)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou

**Moontlike antwoord:**

# Back Porch Blues

Original music by Ana Sanderson




**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

| EEN punt sal vir elke feit toegeken word. Kandidate moet gekrediteer word vir enige ander korrekte antwoorde wat nie in die memorandum gevind word nie. |
|---|

### VRAAG 6

| *Enige VYF x 1 = 5 punte* |
|---|

6.1 L
6.2 H
6.3 G
6.4 F
6.5 C
6.6 K
6.7 B
6.8 J
6.9 E
6.10 A
6.11 D
6.12 I
6.13 F

(5 x 1) **[5]**

### VRAAG 7

7.1

| *Enige DRIE definisies x 2 = 6 punte*<br>*Noodsaaklike feite met kolpunte aangedui*<br>*Relevante antwoorde wat nie in die memorandum gevind word nie, kan na goeddunke van die hoofnasiener aanvaar word.* |
|---|

7.1.1 Heeltoon-toonleer:

- 'n Sesnoot-toonleer *(aanvaar ook 'n sewenoot-toonleer)*
- wat slegs uit heeltoon-intervalle bestaan
- Korrekte notasie van die toonleer

*1 punt elk*

7.1.2 Binêre vorm:

- Ook genoem AB- of tweeledige vorm
- 'n Struktuur waar die twee seksies gewoonlik ewe lank is en herhaal word
- Die eerste seksie sal gewoonlik moduleer na die dominant-toonsoort aan die einde, en die tweede seksie sal terug na die tonika moduleer.

*Enige TWEE* (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

7.1.3 Cadenza:

- 'n Gedeelte in 'n concerto
- wat aan 'n solis die geleentheid bied om sy/haar tegniese vaardigheid op die instrument te demonstreer

*1 punt elk*

7.1.4 Opera:

- Drama wat met orkesbegeleiding gesing word en sangsoliste, koor, kostuums en dekor aanwend
- 'n Grootskaalse komposisie met arias, resitatiewe, koorgedeeltes, ouverture en dans

*1 punt elk*

7.1.5 Improvisasie:

- Musiek wat op die plek deur 'n kunstenaar opgemaak word
- dikwels op 'n gegewe akkoordprogressie of 'n melodie of ritme gebaseer

*1 punt elk*

7.1.6 Modulasie:

- Beweging van een toonsoort na 'n ander
- tydens 'n komposisie/'n harmoniese proses

*1 punt elk*

(3 x 2) (6)

7.2 *Enige DRIE musikale terme x 1 = 3 punte*

7.2.1 Programmusiek, karakterstukke

7.2.2 Kunslied

7.2.3 Blue-noot/'Bended' noot

7.2.4 Transposisie (3 x 1) (3)

**[9]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8

8.1
- Het Engelse woorde by bestaande musiek aangepas
- Het die setwerk van die partituur gedoen
- Het die musiek verwerk (sommige frases uitgelaat)
- Het musiek georkestreer (3)

*1 punt elk*

8.2
- 'n Vorm van jazz
- Uitgevoer in baldanssale
- Uitgevoer deur groepe van 12–16 spelers
- Saksofoon, koperblasers, ritmeseksie
- Musiek is gekomponeer eerder as geïmproviseer
- Dikwels op 12-maat-blues of 32-maat-lied gebaseer

*Enige DRIE* (3)
**[6]**

## VRAAG 9

| |
|---|
| *Vorm: 3 feite = 3 punte*<br>*Tekstuur, harmonie en dinamiek: enige een feit = 3 punte elk* |

**Vorm**
- Variasievorm is gebruik in 'n oorkoepelende ABA (Koda)
- A (var. 1–11 B (var. 12–15) A (var. 16–30) Koda
- Dertig variasies en 'n uitgebreide koda
- Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen die Barok Passacaglia en hierdie beweging

**Tekstuur**
- Mengsel van homofoniese en polifoniese teksture
- Hoofsaaklik polifoniese tekstuur
- Meesal digte tekstuur
- Groter orkeste veroorsaak meer komplekse teksture
- Ongewone kombinasies van instrumente word gebruik om die teks te varieer

**Harmonie**
- Baie ryk en chromatiese harmoniese taal
- Baie verskillende toonsoorte word gebruik (dikwels onverwante toonsoorte)
- Uitgebreide en kleurvolle modulasies
- Gebruik van grondnoot en derde sonder die vyfde in akkoorde en temas

**Dinamiek**
- Wye dinamiese omvang is moontlik as gevolg van vergrote orkes
- Dinamiek gebruik om emosies te demonstreer
- Uiterste dinamiese omvang, bv. *pp* – *ff*
- Skielike kontraste en uitgebreide crescendo's **[12]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 10

10.1 *Enige VYF = 5 punte*

*Monna e motenya* - Gcisa

- Tipiese Afrika-eienskappe van roep-en-antwoord tussen die sopraan en die res van die stemme
- Harmonisering met parallelle beweging (vyfdes/oktawe/drieklanke)
- Melodiese en ritmiese herhaling is teenwoordig
- Die musiek is lewendig, hartlik en humoristies
- Gaan gepaard met liggaamsbeweging
- Westerse harmoniese elemente kom ook voor
- Uitgevoer sonder instrumentale begeleiding, maar tromme word soms bygevoeg
- Polifoniese teksture
- Strofiese vorm

*Enige relevante inligting m.b.t. die teks*

**OF**

*Plea from Africa* – JK Bokwe

- Liriese melodie in gesangstyl
- Solo, koor en begeleiding
- Westerse harmoniese elemente word gebruik
- Homofoniese tekstuur
- Strofiese vorm

*Enige relevante inligting m.b.t. die teks*

**OF**

*Gabi, Gabi* – Tradisioneel, verwerk deur William Powell

- Tipiese Afrika-eienskappe van roep-en-antwoord tussen die tenoor en die res van die stemme
- Uitgevoer sonder instrumentale begeleiding, maar tromme word soms bygevoeg
- Homofoniese tekstuur aangewend
- Melodiese en ritmiese herhaling is teenwoordig
- Uitgebreide gebruik van sinkopasie
- Energieke loflied
- Strofiese vorm
- Harmonisering met parallelle beweging (vyfdes/oktawe/drieklanke)

*Enige relevante inligting m.b.t. die teks* (5)

Kopiereg voorbehou

10.2

| |
|---|
| *Punte sal soos volg toegeken word:*<br>*1 punt per feit tot die maksimum van 4 punte*<br>*Lied of Album = 1 punt* |

Mandoza: Kwaito

- Mandoza (M'duduzi Tshabalala) is deur sy grootouers in swak sosio-ekonomiese omstandighede grootgemaak.
- Op 16-jarige ouderdom is hy tronk toe gestuur vir motordiefstal.
- Die eerste groep waarvan hy deel was, was *Chiskop*
- Kombineer musiekstyle van hip hop, kwaito, mbaqanga en tradisionele Afrika-musiek
- Lirieke daarop gemik om konstruktiewe inhoud uit te beeld.
- Lirieke word geskree of gechant eerder as gesing of gerap
- Lirieke word in inheemse Suid-Afrikaanse tale, Afrikaans ingesluit, gesing
- Diep baslyne
- Uitvoerings is gewoonlik met voorafopgeneemde begeleiding in plaas van 'n lewende orkes
- Sy eerste album met die orkes *Chiskop* is *Klaimer* genoem
- In 2001 het Mandoza 'n South African Music Award ontvang as beste kwaito-musikant, met die album *Nkalakatha*
- In 2004 is die lied *Nkalakatha* gelys in die kategorie 'Lied van die Dekade'

**OF**

Lucky Dube: Reggae

- Gebore op 3 Augustus 1964 in Ermelo
- Sterf op 18 Oktober 2007 in 'n motorkapingspoging, en laat sy vrou en sewe kinders agter
- Op 18-jarige ouderdom sluit hy by sy nefies se mbaqanga-group *The Love Brothers* aan
- Hy begin reggae sing op 20-jarige ouderdom
- Tipiese reggae-ritme in sy werke gebruik
- Gekenmerk deur reëlmatige beklemtoning van die swak polsslag
- Ritmekitaar speel dikwels die akkoorde op die swak polsslae
- Lirieke op werklike lewenservarings gebaseer
- Lirieke beeld die geestelike en politieke stryd van Suid-Afrikaners uit
- Sy bekendste album is sy derde vrystelling, *Prisoner*

**OF**

Kopiereg voorbehou

Steve Hofmeyr

- Gebore op 29 Augustus 1964 in Pretoria
- Het begin om musiek op 11-jarige ouderdom te skryf en het in die skoolkoor gesing
- Na twee jaar weermagdiens het hy Drama aan die Pretoria Technicon studeer
- Het roem verwerf vir sy rol in *Agter Elke Man* in 1990
- Sy debuutalbum *Desert Bound* is in 1999 vrygestel
- Hierdie album is gevolg deur die albums *Tribute* en *Die Blou Bulle*
- In 1997 het hy *You Don't Bring Me Flowers* saam met Dana Winner op die album *True To You* opgeneem

- 'n Paar van sy bekende liedjies sluit in *She's a Woman*; *Deur Jou Vingers*, *Ek Maak Nog Deure Oop* en *Pampoen*
- Hy sing hoofsaaklik in 'n rock-styl
- Lirieke bevat outobiografiese en digterlike eienskappe
- Sy musiek is 'n kombinasie van verskeie musiekstyle, insluitend Afrikaanse Rock, Afrikaanse Pop, Folk en Country
- Musiek sluit in baie nuwe weergawes van Neil Diamond- en Kris Kristofferson-liedjies
- Instrumentasie en orkestrasie ondersteun die betekenis van die lirieke, bv. *Pampoen* (5)

**[10]**

**VRAAG 11**

| |
|---|
| *Vir die nasiener:*<br>*Punte moet vir feite wat in die opstel genoem word, gegee word.*<br>*Ragtime-feite = 4 punte*<br>*Bebop-feite = 4 punte*<br>*Vergelyking in die aanbieding in opstelformaat = 2 punte* |

| RAGTIME | BEBOP |
|---|---|
| Gesinkopeerde melodieë | Melodieë het dikwels 'n stroom kort note met aksente op swak polsslae |
| Beklemtoonde akkoorde op die tweede en vierde polsslag | Gesinkopeerde akkoorde wat op spesifieke oomblikke gespeel word om die akkoordveranderinge aan te wys |
| Baslyn op eerste en derde polsslae | 'Walking bass' |
| Gesinkopeerde ritme | Ritme meer gevarieerd en onvoorspelbaar |
| Marstempo, vinnig, lewendig | Vinniger tempo |

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 12

| |
|---|
| *4 feite = 4 punte* |
| *Aanbieding in volsinne = 1 punt* |

**Heavy metal**

- Dit word tipies gekenmerk deur 'n kitaar-en-trom-gedomineerde klank.
- Die algemeenste groepering vir 'n metal-groep is 'n tromspeler, 'n basspeler, 'n ritmekitaarspeler, 'n hoofkitaarspeler en 'n sanger wat 'n instrumentalis mag wees, of nie.
- Klawerborde was gewild by vroeë metal-groepe – veral die orrel en soms die mellotron – alhoewel die gebruik daarvan minder dikwels in die laaste jare voorgekom het.
- 'n Sleutelaspek van heavy metal is die kitaarsolo, wat hoogs versterkte en verwronge klanke gebruik.
- Die hoofrol van die kitaar in heavy metal bots dikwels met die tradisionele 'voorste man' of groepleierrol van die sanger, wat musikale spanning skep.
- Komplekse verwerkings kom algemeen voor.

**OF**

**R&B Pop**

- Hierdie nuwe styl, dikwels beskryf as kontemporêre R&B, kombineer elemente van soul, funk, pop, en vanaf 1986, hip hop.
- Ook deur rock and roll beïnvloed
- Die gebruik van hip hop-polsslae is tipies, alhoewel die ruheid en energie in hip hop gewoonlik minder en uitgestryk is
- Gladde, oordadige styl vir vokale verwerkings
- Kontemporêre R&B het 'n skoon, elektroniese platevervaardigingstyl en elektronieseslagwerk-ritmes

**OF**

**Glam Rock**

- Die tipiese groepering bestaan uit 'n ritmekitaarspeler, 'n hoofkitaarspeler en 'n sanger – wat 'n instrumentalis, tromspeler en basspeler mag wees, of nie.
- Sintetiseerders word dikwels gebruik.
- Glam Rock is 'n subgenre van rock-musiek.
- David Bowie word algemeen beskou as 'n invloedryke innoveerder, veral vir sy werk deur die 1970's.
- David Bowie het die akoestiesekitaar-klanke met heavy rock-klankbegeleiding vervang.
- Die styl word gekenmerk deur verregaande modes deur die glam rock-sterre en hulle bewonderaars.

**OF**

Kopiereg voorbehou

**Brit pop**

- Elektriese kitaar as hoofinstrument
- Solosanger en ondersteunende orkes
- Dikwels klawerborde en sintetiseerders
- Brit pop-groepe is sterk beïnvloed deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's.
- Hulle musiekstyl weerspieël 'n gevoel van respek vir die klanke van die verlede.
- Gebruik aansteeklike vassteekwysies en riffs met lirieke wat op die Britse jongmense betrekking het.
- Eenvoudige melodieë en herhalende struktuur word gebruik sodat mense dit maklik kan snap en saamsing.
- Rock-polsslae word dikwels gebruik.

**OF**

**Girl/Boy-bands**

- Groepsang in plaas van solosang
- Lewende orkesbegeleiding
- Soms voorafopgeneemde musiek
- Die invloed van R&B op pop kan in die werk van verskeie Boy/Girl bands gehoor word, bv. Spice Girls en Westlife.
- Eenvoudige melodieë en herhalende struktuur word gebruik sodat mense dit maklik kan snap en saamsing.
- Musiek gemik op die jeug.
- Die Girl/Boy bands-verskynsel behels dikwels massabemarking. **[5]**

**VRAAG 13**

| |
|---|
| *Vir die nasiener:*<br>*Punte moet vir feite wat in die opstel genoem word, gegee word.*<br>*Ten minste twee feite vir oorsprong en twee vir stylkenmerke word vereis.*<br>*Die oorblywende twee feite mag uit enige van bogenoemde kom.*<br>*Aanbieding in opstelformaat = 2 punte.* |

**Kwaito**

- Kwaito het sy oorsprong in house-musiek
- Het in die 1990's in Suid-Afrikaanse townships ontwikkel
- Die woord 'kwaito' is afgelei van die Afrikaanse woord 'kwaai'
- Die lirieke is gewoonlik in Suid-Afrikaanse voorstedelike tale
- Isicamtho (Suid-Afrikaanse *slang*) is die hooftaal wat in kwaito gebruik word
- Die musieklewe word ook uitgebeeld in die dans, praat en kleredrag van die township.
- Herhaling van melodie, ritme en lirieke, wat 'n tipiese kenmerk van Afrika-musiek is, kom dikwels voor

**OF**

Kopiereg voorbehou

**Moppies- en ghommaliedjies**

- Die moppies en ghommaliedjies is 'n 200-jaar-oue tradisie uniek aan die Kaap.
- Die Kaapse Klopse Karnaval bestaan reeds vir meer as 100 jaar en hierdie jaarlikse fees verseker die voortbestaan van hierdie tradisionele musiek.
- Mengsel van Oosterse en Westerse style afkomstig van Kaaps-Maleise lewenswyse
- Interessante geskiedkundige feite met betrekking tot die Kaap word dikwels deur die liedjies weergegee
- Maleise liedere word in vier kategorieë ingedeel, naamlik tradisionele huweliksliedjies, Nederlandse (Afrikaanse) volksliedjies, moppies en ghomma-liedjies
- Die inhoud van die liedjies is meestal lighartig en humoristies met 'n sosiale inhoud
- Spore van ander kulture – die inheemse Khoi-Khoi en die Indonesiese, Indiese en Malgassiese slawe
- Liedere gaan dikwels gepaard met dansbewegings
- Tradisionele begeleidingsinstrumente is die trom, banjo en kitaar. Ander instrumente soos die trompet, tromboon en saksofoon word ook gebruik.

**OF**

**Musiek vir sosiale geleenthede**

- In Afrika is musiek deel van die daaglikse lewe, deel van godsdienstige feeste, seremonies en sosiale rituele
- Liedere word gebruik in elke fase van 'n mense se lewe: by geboorte, aanvang van adolessensie, huwelike, sterftes en begrafnisse
- Musiek word gebruik tydens jagekspedisies, wanneer beeste opgepas word en wanneer gewone plaaswerk gedoen word
- Liedere word ook gebruik om siekte te genees, reën te roep en vir politieke gewin
- Liedere word gebruik om met die voorvadergeeste te kommunikeer
- Liedere word gebruik om nuusbrokkies van een stam na 'n ander oor te dra
- Herhaling van melodie, ritme en lirieke
- Alle lede van die gemeenskap neem daagliks deel aan musiekaktiwiteite.
- Vraag-en-antwoordstyl is dikwels deel van werksliedere
- Musiek is hoofsaaklik vokaal
- 'n Groot verskeidenheid Afrika-instrumente word gebruik vir begeleiding
- Die gebruik van paralelle intervalle is baie algemeen
- Liedjies en danse kan nie van mekaar geskei word nie. Dansbewegings vorm 'n fundamentele deel van die liedjie se struktuur, ritme en klank. **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**
**GROOTTOTAAL: 125**

Kopiereg voorbehou